afrikaans.com

NUUSVRYSTELLING

1 Maart 2018

Liebenberg Primêr spog op Internasionale Moedertaaldag

➢ Afrikaans.com se muurkunsprojek skep trots en eiewaarde

Afrikaans.com se 2018-muurkunsprojek by skole in die Wes-Kaap, het vanjaar op Internasionale Moedertaaldag, wat wêreldwyd op 21 Februarie gevier word, by Liebenberg Primêr in Malmesbury afgeskop.

Die onthulling van die pragtige en kleurvolle muurskildery op Internasionale Moedertaaldag was ‘n dag wat die leerders van Liebenberg Primêr nie sommer sal vergeet nie. Afrikaans.com saam met hul vennote, die ATR (Afrikaanse Taalraad), Vriende van Afrikaans (VVA – ‘n divisie van die ATKV) en Fedsas, het die 1 780 leerders van die skool geïnspireer om trots te wees op hul moedertaal, hul gemeenskap en hul unieke identiteit.

Talle leerders het nie gereelde toegang tot Afrikaanse boeke nie en van die skole se hulpbronne is ook dikwels skraps. Met die muurprojek skep ons ’n bewustheid en word leerders aangemoedig om Afrikaans te geniet en te gebruik. Vriende van Afrikaans het Liebenberg Primêr verras met ‘n boektrommelskenking ter waarde van meer as R8 000. Me. Cheraldine vd Merwe van Vriende van Afrikaans het leerders aangemoedig om te lees en ‘n liefde vir lees te ontwikkel. Me Ria Olivier van die Afrikaanse Taalraad het leerders bewus gemaak van respek vir ander tale en leerders gehelp om groot te droom oor hul toekoms.

Die dag is afgesluit met ’n optrede van Whaden Johannes – ’n boorling van Mamre. Whaden het sy storie van inspirasie deur middel van sy sang met die leerders gedeel.

Sê René Arendse, projekkoördineerder van die muurkunsprojek: “Saam is almal trots op die viering van ons eie moedertaal … in ‘n gemeenskap waar dinge gebeur ... in Afrikaans!”

Meer oor die muurkuns

Vanjaar se muurkuns bestaan uit helder prente waarmee laerskoolleerders hulself kan vereenselwig en beeld die woorde visueel uit. Die kunswerk het veral ten doel om leerders se verbeelding en ’n liefde vir lees en stories, aan te moedig.

Die muurprojek herinner leerders, onderwysers en die gemeenskap om trots te wees op die uniekheid van hulle kultuur, hulle skool, gemeenskap en Afrikaans as ons moedertaal. Hierdie projek het ook bygedra tot ’n hernieude trots in Afrikaans en

leerders geïnspireer om hulle identiteit van wie hulle is en hoe hulle hulself uitdruk, opnuut aan te gryp.

Die mure word oor twee dae geverf waarna die voltooide muur met ’n spesiale program onthul word. Leerders word aangemoedig om aan die program deel te neem en die program is telkens daarop gerig om te inspireer en leerders daaraan te herinner dat elkeen van hulle sukses kan behaal – solank hulle in hulleself glo en hard werk.

Die muurprojek word vanjaar weer in die Wes-Kaap voortgesit en Afrikaans.com, in samewerking met ons vennote, die Afrikaanse Taalraad (ATR), die ATKV en FEDSAS, sal in die loop van die jaar mure by deelnemende skole verf en foto’s en videomateriaal op sosiale media en op ons webtuiste (www.afrikaans.com) deel.

Gaan kyk gerus ook hier na foto’s en inligting oor die skole waar daar reeds mure geverf is: http://www.afrikaans.com/news-headlines/waarsitlekka/muurkuns

- **Einde**

Vriendelike groete

Rene Arendse

Vir meer oor die muurprojek of vir ’n onderhoud, stuur 'n e-pos aan projekkoördineerder, René Arendse: rene@afrikaans.com

Vir navrae oor Afrikaans.com, stuur ‘n e-pos aan:
Ingrid Erlank

Redakteur: Afrikaans.com

E-pos: ingrid@afrikaans.com